

# 4

## **SIMSON EN DIE LEEU** God maak ons sterk

### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat God ons krag gee vir alles wat met ons gebeur.

### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die kinders moet –

- die verhaal van Simson ken.
- besef dat die Here Simson krag gegee het.
- weet dat die Here ons help in verskillende omstandighede.

#### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- op die Here vertrou vir krag en bystand.
- dankbaar wees dat die Here ons krag gee wanneer ons dit nodig het.

#### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- iets gaan doen om dankie te sê vir die Here se versorging.
- in staat wees om die hoofmomente van Simson se geskiedenis te noem.

### **MEER INLIGTING (Rigters 14: 1-18)**

(Laat die gedeelte uit waar hy die manne doodgeslaan het.)

Simson was 'n rigter. Weet julle wat 'n rigter is? 'n Rigter was iemand wat deur God geroep is om sy volk, die Israeliete, te red. In Simson se tyd was daar 'n ander volk, die Filistyne, wat oor die Israeliete regeer het. Die Israeliete het swaar gekry onder die Filistyne. Toe het die Here vir

Simson as rigter gekies, sodat hy die Israeliete kon red van die slegte Filistyne. Die Here het vir Simson baie sterk gemaak vir die werk wat hy vir die Here moes doen.

Eendag het Simson 'n meisie gesien op wie hy sommer dadelik verlief geraak het. Maar sy was nie 'n Israeliet nie, sy was 'n Filistyn. Toe sê hy vir sy pa-hulle: *Ek het 'n meisie gesien van wie ek baie hou. Daarom wil ek met haar trou. Maar sy is 'n Filistyn.* Simson se pa was geskok: *Wat? Jy kan nie met 'n Filistynse meisie trou nie! Sy is nie van ons volk nie. Soek vir jou 'n meisie wat ook 'n Israeliet is soos ons.* Maar Simson wou niks weet nie. Hy het aangehou dat hy met die meisie wil trou. Uiteindelik sê sy pa toe dat dit reg is. *Jy kan maar met haar trou. Ons moet na haar dorpie toe gaan, dat ons die troue kan reël.*

Simson was baie bly. Hy en sy ouers het na die dorpie Timna toe geloop. Simson was so haastig, hy het sommer voor sy ouers uit geloop! Net buite Timna, tussen die wingerde, hoor hy skielik iets. *Wat is dit?* wonder hy. Dan sien hy dit: *'n Leeu, en hy lyk of hy my wil storm. O aarde, wat nou?* Simson het groot geskrik, want 'n leeu is mos baie gevaarlik. En hy was reg, daardie leeu wou hom storm.

Die volgende oomblik brul die leeu, en toe storm hy op Simson af. Maar die Here het Simson mos baie sterk gemaak. Simson staan en wag vir die leeu, en toe die leeu spring, gryp Simson die leeu vas en maak hom dood, sommer met sy kaal hande! Ai, hy was darem maar baie sterk! Hy verskeur die leeu asof hy 'n klein bokkie is. Toe die leeu dood is, draai Simson om en gaan terug na sy ouers toe. Maar hy sê vir hulle niks van die leeu nie. Niemand het geweet dat hy die leeu doodgemaak het nie.

Simson en sy ouers gaan toe na die meisie toe en praat met haar ouers. *Nou is die troue gereël, Simson, sê sy pa. Oor 'n rukkie moet ons terugkom vir die troue. Dan gaan daar 'n groot fees wees.*

Weet julle wat? Toe Simson-hulle later teruggaan vir die troue, gaan kyk hy weer na die leeu se geraamte. En wat kry hy toe daar? Heerlike heuning, want 'n swerm bye het in die geraamte nes gemaak. Toe dink hy 'n lekker raaisel uit, want in daardie tyd het hulle graag sulke raaisels op 'n troue gevra. Die raaisel was: *Uit 'n eter kom daar iets te ete, uit 'n sterke kom daar iets soets. Wat is dit?* Ken julle die antwoord?

Dink 'n bietjie mooi: *Uit 'n eter kom daar iets te ete.* Die leeu eet mos ander diere, daarom is hy die eter. Uit die eter kom iets te ete. Dit is die heuning wat Simson geëet het.

En die tweede deel: *Uit 'n sterke kom daar iets soets.* Die leeu is mos die sterke, en uit hom het Simson die heuning gekry. Dit is soet. Kan julle nou sien? Die antwoord is: Hy het soet heuning uit die leeu uit gekry. Daarom het Simson gesê die antwoord is: *Wat is soeter as heuning, en wat is sterker as 'n leeu?*

## **AANBIEDING**

### **Jy het nodig**

- Heuning waaraan hulle kan proe.
- Kleurkryt.

## KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

## HET HULLE ONTHOU?

- Gee hulle kans om hul saadjies wat ontkiem het, te wys. Vra hulle uit oor hoe hulle die natuur gaan bewaar.
- Laat hulle vir mekaar die prentjie wys wat hulle ingekleur het.
- Laat hulle die versie wat hulle moes leer, opsê: *Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed.* (Genesis 1: 31a)
- Vra die volgende vrae:
  - In hoeveel dae het God die hemel en die aarde gemaak? (*Ses dae.*)
  - Wat het God op die sewende dag gedoen? (*Hy het gerus.*)
  - Kan ons alles in die skepping maar bemors en verniel? (*Nee, ons moet die skepping oppas.*)

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Vra inleidend: Kan julle nog onthou van Daniël in die leeuuiel? Onthou julle hoekom die leeus hom nie opgevrete het nie? Ja, dit is reg, God het hul bekke toegebind dat hulle nie vir Daniël kon byt nie.

Dit is darem wonderlik hoe God mense kan help, nè? Vandag gesels ons weer oor 'n leeu wat iemand wou vang, maar hierdie keer het God die persoon op 'n ander manier gehelp. Die man se naam was Simson.

### IETS INTERESSANT

Gebruik MEER INLIGTING hierbo en vertel die verhaal van Simson en die leeu. Die inligting is in 'n storienvorm gegiet en kan net so gebruik word.

### IETS BELANGRIK

- Skerp die inhoud in met vrae soos die volgende:
  - Wat was die sterk man wat die leeu doodgemaak het se naam? (*Simson.*)
  - Wat is 'n rigter? (*'n Rigter was iemand wat deur God geroep is om die Israëliete te red.*)
  - Wat het Simson doodgemaak? (*'n Leeu.*)
  - Wat het Simson later in die leeu se karkas gekry? (*Heuning.*)
- Bespreek hoe God ons ook sterk maak. Nie altyd soos vir Simson met sterk arms en sterk bene nie, maar ook sterk wanneer ons hartseer of bang is. Verduidelik dit soos volg: *Weet julle wat, as ons in die moeilikheid is, of bang is vir iets, kan ons ook bid. Dan sal die Here ons ook sterk maak. Sterk maak, sodat ons nie meer bang hoef te wees. As julle ooit bang*

*is, wat moet julle doen? Ja, julle moet bid dat die Here julle sal sterk maak, sodat julle nie meer bang hoef te wees nie.*

## **IETS OM TE DOEN**

- Laat hulle aan die heuning proe – is dit regtig so soet?
- Laat hulle daarna die prentjie in hul boeke inkleur.

## **BY DIE HUIS**

### **Doen**

Laat hulle die prent wat hulle ingekleur het, vir hul ouers gaan wys en vir hulle vertel wat met Simson gebeur het.

### **Leer**

- Laat hulle die volgende vers uit hul kop gaan leer: *Wat is soeter as heuning? Wat is sterker as 'n leeu?* (Rigters 14: 18a)
- Laat hulle die antwoorde van die vrae in hul boeke gaan leer.

## **AFSLUITING**

Laat almal saam Gesang 553 twee keer sing, of lees dit voor, met klem op die laaste twee reëls.

*Ek is bly ek ken vir Jesus; ek is bly ek is sy kind.  
En ek bly my hele lewe aan die Here vasgebind.  
Ek is bly ek het 'n Bybel dat ek elke dag kan lees –  
kinders van die Here het niks om voor bang te wees.*

